

STATUUT

VAN

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

INLEIDENDE OPMERKINGS

[Hierdie inleidende opmerkings verduidelik die konteks vir die Statuut, maar maak nie deel van die Statuut uit nie.]

1. Die Statuut is die grondwet van die Universiteit Stellenbosch. Die Statuut verskaf die grondliggende strukture en prosesse waarbinne die waardes, ideale en beginsels wat die Universiteit dryf, beoefen en nagestreef word. Dit bind die verskillende sektore wat die Universiteit opmaak saam, en gee die toon aan vir alle besluitneming en akademiese en administratiewe bedrywigheid. Die Statuut beskryf die samestelling, bevoegdhede, en funksionering van die onderskeie liggame wat deur die Statuut ingestel word, asook die verkiesing of aanwysing, en die bevoegdhede, van die ampsdraers wat deur die Statuut benoem word. Kortom, die Statuut verskaf die institusionele raamwerk waarbinne die effektiewe oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit uitgevoer word.
2. Die Statuut is onderworpe aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en mag ook nie strydig met die Wet op Hoër Onderwys, 1997, wees nie. Binne die Universiteit is die Statuut sy grondliggende dokument. Alle reëls, beleide of ander instrumente wat deur universiteitsliggame en -funksionarisse gemaak word, is dus aan die Statuut onderworpe.
3. As die grondwet van die Universiteit, is die fokus van die Statuut op die Universiteit se institusionele argitektuur, en maak dit nie voorsiening vir al die besonderhede ten opsigte van die oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit nie. Artikel 32(1)(b) van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, steun hierdie benadering deur voorsiening te maak vir die maak van institusionele reëls om aan detail-aspekte van die Statuut uitvoering te gee. Sommige institusionele reëls is reeds in plek, maar mettertyd sal meer institusionele reëls ter ondersteuning van die Statuut gemaak word.
4. Vervolgens is die algemene benadering in die Statuut om aan die Universiteit, of 'n bepaalde liggaam of funksionaris, die nodige *gesag* toe te ken om iets te

doen. Anders gestel, dit ken die finale *verantwoordelikheid* vir 'n bevoegdheid of plig aan 'n bepaalde liggaam of funksionaris toe, maar dit dui nie noodwendig aan hoe daardie bevoegdheid of plig uitgevoer of verrig word nie, en selfs nie deur wie nie. Deurentyd word aangeneem dat, via delegasie, bevoegdhede en pligte gereeld, indien nie meestal nie, uitgevoer of verrig word deur ander funksionarisse en liggame as dié op wie die finale verantwoordelikheid rus. Ter ondersteuning van hierdie benadering maak die Statuut voorsiening vir die algemene delegasie van alle bevoegdhede en pligte, tensy uitdruklik verbied deur die Statuut of die Wet op Hoër Onderwys, 1997. In hierdie sin is die Statuut 'n buigsame en gesonde-verstand-dokument wat aanvaarbare en effektiewe besluitnemingsprosesse en -prosedures, soos wat oor die algemeen in groot entiteite gevind word, akkommodeer.

5. Soos wat duidelik in die Aanhef en klousule 5 uitgedruk word, is die Statuut op sekere grondliggende beginsels gebaseer. Die onderskeie oorsigbestuurstrukture en ampsdraers funksioneer in ooreenstemming met die beginsels van demokratiese verteenwoordigendheid en verantwoordbare oorsigbestuur. Die Statuut bepaal die raamwerk vir die uitoefening van besluitnemingsbevoegdhede, en verseker dat bevoegdhede en pligte wettig en effektief uitgevoer word, in ooreenstemming met die demokratiese gees en bedoeling van die Statuut. Die Statuut verbind die Universiteit tot oop, deursigtige, verantwoordelike en verantwoordbare leierskap, oorsigbestuur en administrasie, en sluit verskeie wigte en teenwigte in om dit te verseker.
6. Uit 'n opstellingsoogpunt, word vertrou dat die Statuut 'n logiese en toeganklike dokument is, opgestel in taal en styl wat eenvoudig en maklik is om te verstaan, en in alle wesenlike opsigte akkuraat en regsgeldig is. Daar word vertrou dat die Statuut 'n duidelike, gestroomlynde en effektiewe dokument is wat ideaal geskik is om die Universiteit te dien soos dit die geleenthede van die toekoms aangryp. Die Statuut sal goeie, etiese, oop en verantwoordbare leierskap, oorsigbestuur en administrasie bevorder, en die Universiteitsgemeenskap verenig in die nastrewing van akademiese en administratiewe uitnemendheid wat die samelewing in geheel baat.

AANHEF

AANGESIEN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

- * behoorlik ingestel is kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997;
- * kragtens artikel 32(1)(a) van die Wet 'n institusionele statuut mag maak om aan aangeleenthede wat nie uitdruklik in die Wet voorgeskryf word nie uitvoering te gee;

EN AANGESIEN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

- * voortgedryf word deur die waardes onderliggend aan die Grondwet, in die besonder menswaardigheid, gelykheid en vryheid;
- * akademiese integriteit, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing, verantwoordelikheid, verantwoordbaarheid, etiese gedrag, billikheid en deursigtigheid nastreef;
- * eenheid in verskeidenheid bevorder deur verdraagsaamheid en respek vir verskillende perspektiewe en geloofstelsels in te skerp, ten einde 'n geskikte omgewing vir onderrig en leer, innovasie, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid te verseker;

EN AANGESIEN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

- * verbind is daartoe om 'n internasionaal erkende Afrika-universiteit te wees, bekend vir betrokke akademieskap, akademiese uitnemendheid, sosiale responsiwiteit, en 'n etiek van deernis onder personeel en studente;
- * streef om tot voordeel van die samelewing uit te blink in innoverende leer en onderrig, en voorpuntnavorsing;
- * verbind is tot die ontwikkeling van 'n omvangryke reeks akademiese, professionele, beroepsgerigte en algemene programme wat samelewingsbehoefte aanspreek;
- * responsief is tot die welsyn van sy personeel, studente en die groter gemeenskap deur optimale betrokkenheid, kapasiteitsbou en gesonde bestuurspraktyke;

DAAROM MAAK DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH NOU
HIERDIE STATUUT, AS VOLG:

INHOUD VAN STATUUT

HOOFSTUK 1: DIE INSTELLING

1. Naam van Universiteit
2. Setel van Universiteit
3. Status van Universiteit
4. Raamwerk, uitleg en toepassing
5. Beginsels

HOOFSTUK 2: OORSIGBESTUUR

RAAD

6. Instelling en samestelling
7. Vereistes vir lede
8. Ampstermyne van lede
9. Vakatures
10. Bevoegdhede, verantwoordelikhede en funksies
11. Gedragskode en reëls en prosedure vir verklaring van belange
12. Voorsitter en ondervoorsitter
13. Vergaderings
14. Verkiesing van Raadslede tot Senaat
15. Uitvoerende komitee van Raad

SENAAT

16. Instelling en samestelling
17. Ampstermyne van lede
18. Vakatures
19. Bevoegdhede en funksies
20. Voorsitter en vergaderings
21. Verkiesing van Senaatslede tot Raad
22. Uitvoerende komitee van Senaat

FAKULTEITSRADE

23. Instelling en samestelling
24. Bevoegdhede en funksies
25. Vergaderings

STUDENTERAAD

26. Instelling en samestelling
27. Bevoegdhede en funksies
28. Voortsetting van funksies

INSTITUSIONELE FORUM

29. Instelling en samestelling
30. Ampstermyne van lede
31. Bevoegdhede en funksies
32. Voorsitters en vergaderings
33. Uitvoerende komitee van Institusionele Forum

REKTOR SE BESTUURSPAN

34. Samestelling en pligte

ALGEMENEBESTUURDERSVERGADERING

35. Samestelling en pligte

HOOFSTUK 3: AMPSDRAERS

KANSELIER

36. Status
37. Vereistes
38. Verkiesing
39. Ampstermyne

REKTOR EN VISEKANSELIER

40. Pligte en verantwoordbaarheid

41. Aanstelling
42. Ampstermyn

VISEREKTORE EN ONDERVISEKANSELIERS

43. Aanstelling, pligte en ampstermyne

UITVOERENDE BEDRYFSHOOF

44. Aanstelling, pligte en ampstermyn

REGISTRATEUR

45. Aanstelling, pligte en ampstermyn

DEKANE

46. Aanstelling, pligte en ampstermyne

HOOFSTUK 4: DIE KONVOKASIE

47. Samestelling van Konvokasie
48. Doel en funksies
49. Deelname aan vergaderings en verkiesings
50. Vergaderings
51. Uitvoerende komitee van Konvokasie

HOOFSTUK 5: DONATEURS

52. Erkenning
53. Verkiesing deur donateurs

HOOFSTUK 6: WERKNEMERS

54. Aanstelling en diensvoorwaardes
55. Verteenwoordigende werknemersorganisasies

HOOFSTUK 7: STUDENTE

- 56. Toelating en registrasie
- 57. Dissipline

HOOFSTUK 8: KWALIFIKASIES EN EREGRADE

- 58. Gesag van Universiteit
- 59. Kongregasie
- 60. Toekenning van eregrade en -toekennings

HOOFSTUK 9: ALGEMEEN

- 61. Reëls
- 62. Uitwerking van vakatures
- 63. Delegasies
- 64. Oorgangsbepalings
- 65. Wysiging van Statuut
- 66. Herroeping van Statuut
- 67. Verskillende weergawes van Statuut
- 68. Woordomsrywings
- 69. Inwerkingtreding

HOOFSTUK 1

DIE INSTELLING

Naam van Universiteit

1. Die naam van die Universiteit is Universiteit Stellenbosch in Afrikaans, “Stellenbosch University” in Engels en “iYunivesithi yase Stellenbosch” in isiXhosa.

Setel van Universiteit

2. Die setel van die Universiteit is Stellenbosch. Die Universiteit mag die aktiwiteite daarvan beoefen op sodanige ander plekke as wat die Raad bepaal, maar die Minister moet die beoefening van enige van die Universiteit se onderrigaktiwiteite buite Stellenbosch goedkeur soos bedoel in artikel 65A(2) van die Wet.

Status van Universiteit

3. Die Universiteit is 'n regspersoon soos bedoel in artikel 20(4) van die Wet.

Raamwerk, uitleg en toepassing

4. Hierdie Statuut, saam met die institusionele reëls, is die raamwerk vir die oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit kragtens die Grondwet en die Wet, en moet uitgelê en toegepas word in ooreenstemming met die Grondwet en die Wet.

Beginsels

5. Die oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit kragtens hierdie Statuut moet aan die volgende beginsels voldoen:
 - (a) verteenwoordigendheid, inklusiwiteit en deelname;
 - (b) 'n hoë standaard van etiek;
 - (c) uitkomste-georiënteerde werkverrigting;
 - (d) die doeltreffende, effektiewe en volhoubare gebruik van hulpbronne;

- (e) responsiwiteit tot die welsyn van die universiteitsgemeenskap en die samelewing wat deur die Universiteit bedien word; en
- (f) verantwoordelikheid, deursigtigheid en verantwoordbaarheid.

HOOFSTUK 2

OORSIGBESTUUR

RAAD

Instelling en samestelling

6. Daar is 'n Raad van die Universiteit wat saamgestel is uit:
- (a) die rektor;
 - (b) een van die viserektore, wat elke kalenderjaar moet roteer in 'n volgorde deur die rektor bepaal;
 - (c) die uitvoerende bedryfshoof;
 - (d) drie persone wat deur die Senaat uit eie geledere verkies is;
 - (e) een persoon wat deur die permanente akademiese personeel wat nie Senaatslede is nie uit eie geledere verkies is;
 - (f) een persoon wat deur die permanente administratiewe en ondersteuningspersoneel uit eie geledere verkies is;
 - (g) twee persone wat deur die SR uit eie geledere verkies is;
 - (h) tot vyf persone wat deur die Minister aangewys is;
 - (i) een persoon wat deur die Premier van die Wes-Kaapprovinsie benoem is;
 - (j) een persoon wat deur die Munisipale Raad van Stellenbosch benoem is;
 - (k) drie persone wat deur die Konvokasie uit eie geledere verkies is;
 - (l) drie persone wat deur die donateurs verkies is; en
 - (m) twee persone wat vir hulle kundigheid deur die Raad aangewys is.

Vereistes vir lede

7. Benewens die vereistes in artikel 27(5B) en (6) van die Wet:
- (a) moet 'n lid van die Raad 'n persoon met kennis en ervaring relevant tot die doelwitte en oorsigbestuur van die Universiteit wees;
 - (b) moet die liggame en funksionariesse van toepassing daarna streef om te verseker dat lede wat tot die Raad verkies, benoem of aangewys word verteenwoordigend is met inagneming van ras, gender en gestremdheid;
 - (c) mag geen persoon van 70 jaar of ouer as 'n lid van die Raad verkies, benoem of aangewys word nie, maar 'n lid wat die ouderdom van 70 bereik na hulle verkiesing, benoeming of aanwysing mag dien totdat daardie lid se termyn verstryk;
 - (d) mag geen persoon in meer as een hoedanigheid in die Raad dien nie;
 - (e) mag geen persoon waarna in klousule 6(h), (i), (j), (k), (l) of (m) verwys word, 'n werknemer of student van die Universiteit wees nie; en
 - (f) mag geen lid van die Raad 'n lid van die raad van 'n ander hoëronderwysinstelling wees, of deur so 'n instelling in 'n permanente uitvoerende bestuurshoedanigheid op die vlak van, of ekwivalent aan, 'n dekaan of hoër in diens geneem wees nie.

Ampstermyne van lede

8. (1) Die ampstermyn van 'n lid waarna verwys word in klousule 6(a) of (c) duur voort vir so lank as wat die persoon die amp beklee.
- (2) Die ampstermyn van 'n lid waarna verwys word in klousule 6(b) is een jaar.
- (3) Die ampstermyn van 'n lid waarna verwys word in klousule 6(d), (e) of (f) is twee jaar.
- (4) Die ampstermyn van 'n studentelid waarna verwys word in klousule 6(g) is een jaar, in ooreenstemming met sy of haar SR-termyn.
- (5) Die ampstermyn van alle ander lede is vier jaar.
- (6) Die ampstermyn van 'n lid waarna verwys word in subklousules (2), (3), (4) of (5) duur van die datum waarop die lid die amp aanvaar tot die datum waarop die ampstermyn verstryk.

- (7) 'n Persoon wie se ampstermyn verstryk het, mag weer verkies, benoem of aangewys word, maar geen persoon mag vir meer as drie opeenvolgende termyne in dieselfde of enige ander hoedanigheid dien nie.

Vakatures

9. (1) Lidmaatskap van die Raad eindig voor die verstryking van die relevante ampstermyn indien 'n lid:
- (a) skriftelik bedank by die registrateur;
 - (b) hul posisie ontruim, in die geval van 'n lid waarna in klousule 6(a), (b) of (c) verwys word;
 - (c) ophou om 'n werknemer van die Universiteit te wees, in die geval van 'n lid waarna in klousule 6(d), (e) of (f) verwys word;
 - (d) ophou om 'n geregistreerde student van die Universiteit te wees, in die geval van 'n lid waarna in klousule 6(g) verwys word;
 - (e) ophou om 'n lid van die liggaam te wees wat die lid aangewys of verkies het, in die geval van 'n lid waarna in klousule 6(d), (e), (f), (g) of (j) verwys word;
 - (f) as 'n student van die Universiteit registreer of 'n werknemer van die Universiteit word, in die geval van 'n lid waarna in klousule 6(h), (i), (j), (k), (l) of (m) verwys word.
 - (g) vir drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is sonder dat vooraf verskoning gemaak is by die registrateur;
 - (h) in dissiplinêre verrigtinge skuldig bevind word aan 'n oortreding van die gedragskode vir lede wat lei tot die beëindiging van lidmaatskap;
 - (i) permanent onbevoeg raak om die funksies van 'n lid van die Raad te verrig, soos bepaal deur die Raad;
 - (j) 'n lid van die raad van 'n ander hoërondewysinstelling word, of in 'n permanente uitvoerende bestuurshoedanigheid op die vlak van of ekwivalent aan 'n dekaan of hoër deur so 'n hoërondewysinstelling in diens geneem word;
 - (k) deur 'n geregshof insolvent, voorlopig of finaal, verklaar word; of
 - (l) skuldig bevind word aan 'n oortreding en gevonnissen word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, maar 'n persoon word nie as gevonnissen beskou totdat 'n appèl teen die

skuldigbevinding of vonnis beslis is, of die tyd vir 'n appèl verstryk het nie.

- (2) Die registrateur moet kennis op skrif aan die Raad en aan die funksionaris of liggaam wat 'n lid verkies, aangewys of benoem het, gee wanneer die lidmaatskap van die lid verstryk of vir enige rede voor die verstryking van die ampstermyn beëindig word.
- (3) Na ontvangs van die kennisgewing van die registrateur, moet die funksionaris of liggaam die vakature ooreenkomstig klousule 6 en die reëls vul.
- (4) 'n Persoon wat kragtens subklousule (3) 'n lid van die Raad word, dien vir die volle termyn van toepassing, gespesifiseer deur klousule 8, behalwe in die geval van 'n persoon waarna verwys word in klousule 6(g), wie se termyn ooreenstem met die termyn van die SR.

Bevoegdhede, verantwoordelikhede en funksies

10. (1) Die Raad beheer die Universiteit in ooreenstemming met die Grondwet, die Wet, hierdie Statuut en die reëls.
- (2) Die Raad dra 'n algemene oorsigverantwoordelikheid ten opsigte van akademiese en bedryfsaangeleenthede.
- (3) Die Raad:
 - (a) mag hierdie Statuut wysig;
 - (b) mag reëls en beleide vir die Universiteit maak of goedkeur;
 - (c) mag institusionele strategieë en planne vir die Universiteit maak of goedkeur;
 - (d) moet institusionele werkverrigting en bestuur monitor;
 - (e) moet oorsig uitoefen oor risikobestuur;
 - (f) mag akademiese strukture en eenhede, insluitende fakulteite en departemente, instel, ontbind of hersaamstel op die aanbeveling van die Senaat;
 - (g) mag ander entiteite en strukture instel, ontbind of hersaamstel op die aanbeveling van die rektor en, waar hulle in noue verband met die akademiese of navorsingsfunksies van die Universiteit staan, die Senaat;

- (h) moet die personeel van die Universiteit onderworpe aan artikel 34(2) van die Wet aanstel, en die aangeleenthede rakende die personeel soos genoem in artikel 34(3) van die Wet bepaal;
 - (i) mag, onderworpe aan artikel 40(3) van die Wet, vaste eiendom vir die Universiteit aankoop, 'n langtermynhuurkontrak vir vaste eiendom vir die Universiteit aangaan, en die oprigting van 'n permanente gebou of ander vaste-infrastruktuurontwikkeling magtig;
 - (j) mag, onderworpe aan artikel 20(5) van die Wet, vaste eiendom van die Universiteit vervreem of aan enige persoon enige langtermynhuurkontrak van, reële reg oor, of serwituut oor enige sodanige eiendom toeken;
 - (k) mag, onderworpe aan artikel 40(3) van die Wet, 'n lening of 'n oortrekkingsooreenkoms vir die Universiteit aangaan; en
 - (l) mag enige ander bevoegdheid uitoefen en enige ander plig nakom wat aan die Raad deur of kragtens die Wet, hierdie Statuut en die reëls verleen word.
- (4) Die Raad:
- (a) moet, ná oorlegpleging met die Senaat, die toelatingsbeleid van die Universiteit ooreenkomstig artikel 37(1), (2) en (3) van die Wet bepaal en mag, met die goedkeuring van die Senaat, die toelatingsverwante funksies gespesifiseer in artikel 37(4) van die Wet uitvoer;
 - (b) moet, met die instemming van die Senaat, die taalbeleid van die Universiteit ooreenkomstig artikel 27(2) van die Wet bepaal; en
 - (c) moet, ná oorleg met die SR, voorsiening maak vir, en 'n geskikte struktuur daarstel om advies te verleen oor, 'n beleid vir studentesteundienste binne die Universiteit ooreenkomstig artikel 27(3) van die Wet.
- (5) Die Raad:
- (a) mag komitees bestaande uit Raadslede, of Raadslede en ander persone met relevante kennis en ervaring aanwys om die Raad met die verrigting van sy funksies by te staan;
 - (b) moet enige komitees aanwys wat deur die reëls of die beleide van die Universiteit vereis word; en

- (c) mag persone met relevante kennis en ervaring aanwys om ondersoek in te stel na en aan die Raad verslag te doen oor enige aangeleentheid wat vir die Universiteit relevant is.
- (6) Onderworpe aan artikel 68(2) van die Wet, subklousule (7) en klousule 63 van hierdie Statuut, mag die Raad enige bevoegdheid of funksie aan enige struktuur, werknemer of liggaam van die Universiteit delegeer, maar die Raad bly verantwoordelik en verantwoordbaar vir die uitoefening van die bevoegdhede en die verrigting van die funksies wat so gedelegeer is.
- (7) Die Raad mag nie die volgende bevoegdhede en funksies delegeer nie:
 - (a) die wysiging van hierdie Statuut;
 - (b) die maak van institusionele reëls;
 - (c) die goedkeuring van institusionele strategieë en planne vir die Universiteit, indien die maak van die strategieë en planne gedelegeer is;
 - (d) die aanstelling van die rektor, die vise-rektore en die uitvoerende bedryfshoof, en die afdanking van die rektor, 'n vise-rektor, die uitvoerende bedryfshoof, die registrateur en 'n dekaan;
 - (e) die instelling of ontbinding van fakulteite;
 - (f) die maak of aanpassing van die algemene aanstellingsbepalings of diensvoorwaardes van werknemers;
 - (g) die goedkeuring van die jaarlikse begroting en finansiële state van die Universiteit;
 - (h) die vasstelling van studentegelde; en
 - (i) die aangeleentheid waarna in subklousules (2), (3)(d), (e), (i) en (k), (4) en (5) verwys word.

Gedragkode en reëls en prosedure vir verklaring van belange

11. (1) Ooreenkomstig artikel 27(7E)(a) van die Wet en na oorleg met die Institusionele Forum, moet die Raad vir al die lede van die Raad of komitees van die Raad, alle persone wat vergaderings van die Raad of sodanige komitees bywoon, en alle persone wat bevoegdhede uitoefen en funksies verrig wat deur die Raad gedelegeer is, 'n gedragkode aanneem, en mag die Raad dit na die aanname daarvan wysig.

- (2) Ooreenkomstig artikel 27(7E)(b) van die Wet, moet die Raad reëls en prosedures bepaal vir die jaarlikse verklaring, deur al die lede van die Raad of komitees van die Raad en deur alle persone wat bevoegdhede en funksies gedelegeer deur die Raad uitoefen, van hulle finansiële of ander belange en fidusiêre rolle, en van die finansiële of ander belange en fidusiêre rolle van die lede van hulle onmiddellike families, en mag die Raad die reëls en prosedures na die aanname daarvan wysig.

Voorsitter en ondervoorsitter

12. (1) Die Raad moet 'n voorsitter en ondervoorsitter verkies uit die lede waarna in klousule 6(h), (i), (j) (k), (l) en (m) verwys word.
- (2) 'n Nominasie vir voorsitter of ondervoorsitter moet op skrif wees, moet voor die vergadering by die registrateur ingedien word, moet deur twee lede van die Raad onderteken word en moet vergesel word van 'n ondertekende verklaring deur die genomineerde waarin die nominasie aanvaar word.
- (3) Vir die verkiesing van die voorsitter of ondervoorsitter is die prosedure soos volg:
- (a) indien slegs een kandidaat genomineer word, moet die voorsitter van die vergadering daardie persoon as verkies verklaar;
 - (b) indien meer as een kandidaat genomineer word, vind 'n geheime stemming plaas en die voorsitter van die vergadering moet die kandidaat wat die meerderheid van stemme van die lede wat teenwoordig is en gestem het, ontvang, met een stem vir elke lid, as verkies verklaar; en
 - (c) indien geen kandidaat 'n meerderheid van stemme ontvang nie, word die kandidaat met die laagste getal stemme uitgeskakel, en moet 'n verdere stemming plaasvind met die oorblywende kandidate. Hierdie prosedure moet herhaal word tot 'n kandidaat 'n meerderheid ontvang. Indien twee kandidate oorbly en na twee stemmings is daar steeds 'n gelyke getal stemme, moet die voorsitter van die vergadering 'n beslissende stem uitoefen.
- (4) Onderworpe aan die beëindiging van hulle lidmaatskap van die Raad vanweë die verstryking van hulle ampstermyne as lede of andersins,

beklee die voorsitter en ondervoorsitter hulle ampte vir vier jaar, en mag elkeen herverkies word, maar mag hulle nie hulle ampte vir meer as drie agtereenvolgende termyne beklee nie.

- (5) Wanneer die amp van voorsitter of ondervoorsitter vir welke rede ook al vakant raak, moet die registrateur elke Raadslid skriftelik in kennis stel, en die Raad moet 'n voorsitter of ondervoorsitter by die volgende gewone vergadering verkies.
- (6) Die voorsitter en ondervoorsitter oefen die bevoegdhede uit en verrig die funksies wat in hierdie Statuut en die reëls uiteengesit word, of aan hulle gedelegeer word deur die Raad.

Vergaderings

13. (1) Die Raad moet ten minste twee gewone vergaderings in elke semester hou.
- (2) Die voorsitter:
 - (a) mag 'n buitengewone vergadering te enige tyd belê, en
 - (b) moet 'n buitengewone vergadering belê op die skriftelike versoek van ses of meer Raadslede.
- (3) Die doel van 'n buitengewone vergadering moet duidelik gestel word in die kennisgewing van die vergadering en geen ander aangeleentheid mag tydens die vergadering hanteer word nie.
- (4) Die registrateur moet redelike kennis van elke vergadering aan die lede van die Raad gee.
- (5) Die voorsitter of, by afwesigheid van die voorsitter, die ondervoorsitter, sit voor op 'n vergadering van die Raad. Indien albei afwesig is, moet die sekretaris die lede wat teenwoordig is en waarna in klousule 6(h), (i), (j), (k), (l) en (m) verwys word versoek om deur die opsteek van hande 'n voorsitter vir daardie vergadering te verkies.
- (6) Die kworum vir 'n Raadsvergadering is een helfte, plus een, van die lede.
- (7) Indien daar vir enige rede nie 'n kworum binne 'n halfuur na die geskeduleerde tyd vir die vergadering is nie, moet die voorsitter van daardie vergadering die vergadering uitstel tot 'n tyd, of 'n datum en tyd, nie meer as 14 dae later nie, en by daardie vergadering vorm die lede wat teenwoordig is 'n kworum.

- (8) Die Raad moet 'n besluit neem met 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede, met een stem vir elke lid. In die geval van 'n staking van stemme, mag die voorsitter 'n beslissende stem uitoefen, behalwe in 'n verkiesing, waar die prosedure in klousule 12(3) van toepassing is, totdat 'n kandidaat, of die voorgeskrewe aantal kandidate, 'n meerderheid van stemme ontvang.
- (9) Die Raad moet die prosedures vir vergaderings en die vergaderings van komitees in ooreenstemming met die reëls vasstel.
- (10) Die voorsitter mag enige persoon uitnooi om 'n vergadering van die Raad by te woon, maar sodanige persoon mag nie oor enige aangeleentheid stem nie.

Verkiesing van Raadslede tot Senaat

14. Die Raad moet uit eie geledere twee lede, wat nie werknemers of studente van die Universiteit is nie, tot die Senaat verkies in ooreenstemming met die reëls.

Uitvoerende komitee van Raad

15. (1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die Raad wat bestaan uit:
 - (a) die voorsitter van die Raad, wat die voorsitter van die uitvoerende komitee is;
 - (b) die ondervoorsitter van die Raad, wat die ondervoorsitter van die uitvoerende komitee is;
 - (c) die rektor, wat 'n visirektor of die uitvoerende bedryfshoof mag aanwys om 'n bepaalde vergadering in sy of haar plek by te woon; en
 - (d) drie ander lede van die Raad, van wie twee nie werknemers of studente van die Universiteit mag wees nie, wat deur die Raad in ooreenstemming met die reëls verkies is.
- (2) Die uitvoerende komitee moet die prosedures vir vergaderings in ooreenstemming met die reëls vasstel.
- (3) 'n Korum vir 'n vergadering van die uitvoerende komitee is drie lede, waarvan ten minste twee nie werknemers of studente van die Universiteit mag wees nie.
- (4) Die uitvoerende komitee mag:

- (a) die Raad adviseer oor enige aangeleentheid waarna in klousule 10 verwys word, insluitende 'n verslag van 'n komitee van die Raad, uitgesonder die Eregradekomitee;
- (b) enige dringende aangeleentheid namens die Raad hanteer, maar moet aan die Raad by die volgende vergadering verslag doen, en die Raad, indien dit uitvoerbaar is, mag enige besluit wat deur die uitvoerende komitee oor 'n dringende aangeleentheid geneem is, herroep of wysig en enige verdere handeling in verband met sodanige dringende aangeleentheid neem wat die Raad as gepas beskou; en
- (c) enige ander aangeleentheid hanteer wat die Raad aan die uitvoerende komitee gedelegeer het.

SENAAT

Instelling en samestelling

16. (1) Daar is 'n Senaat wat saamgestel is uit:

- (a) die rektor;
- (b) die viserektore;
- (c) die uitvoerende bedryfshoof;
- (d) twee persone wat deur die Raad uit eie geledere verkies is en wat nie werknemers of studente van die Universiteit is nie;
- (e) die dekaan en enige visedekane van elke fakulteit;
- (f) die professore van die Universiteit;
- (g) vyf persone deur die medeprofessore uit eie geledere verkies;
- (h) vyf persone, uit eie geledere verkies, deur die akademiese personeel wat nie professore of medeprofessore is nie;
- (i) enige ander persoon wat die hoof van 'n akademiese departement is;
- (j) drie persone deur die permanente administratiewe en steunpersoneel uit eie geledere verkies;
- (k) vier persone deur die SR uit eie geledere verkies;

- (l) een persoon deur die Akademiesebelangeraad uit eie geledere verkies; en
 - (m) enige bykomende akademiese of ander personeellede wat die Senaat vir hulle kundigheid mag aanwys.
- (2) Die toepaslike liggame en funksionaris se moet daarna streef om te verseker dat lede wat in die Senaat verkies en aangestel is verteenwoordigend is met inagneming van ras, gender en gestremdheid.

Ampstermyne van lede

- 17.** (1) Die ampstermyne van 'n lid waarna in klousule 16(1)(a), (b), (c), (e), (f) of (i) verwys word, duur vir so lank as wat die persoon die amp beklee.
- (2) Die ampstermyne van 'n lid waarna in klousule 16(1)(d), (g), (h) of (j) verwys word, is vier jaar.
- (3) Die ampstermyne van 'n lid waarna in klousule 16(1)(k) of (l) verwys word, duur vir so lank as wat die persoon 'n amp in die relevante studenteliggaam beklee.
- (4) Die ampstermyne van 'n lid waarna in klousule 16(1)(m) verwys word, word deur die Senaat ten tye van hulle aanwysing bepaal.
- (5) Die ampstermyne van 'n lid waarna in subklousules (2), (3) of (4) verwys word, duur van die datum waarop die lid die amp aanvaar tot die datum waarop die ampstermyne verstryk.
- (6) 'n Persoon waarna in subklousules (2), (3) of (4) verwys word wie se ampstermyne verstryk het, mag weer verkies of aangewys word, maar geen persoon mag vir meer as drie opeenvolgende termyne dien nie.

Vakatures

- 18.** (1) Lidmaatskap van die Senaat word beëindig voor die verstryking van die relevante ampstermyne indien 'n lid:
- (a) skriftelik bedank by die registrateur;
 - (b) hul amp ontruim, in die geval van 'n lid waarna in klousule 16(1)(a), (b), (c), (e), (f) of (i) verwys word;
 - (c) ophou om 'n werknemer van die Universiteit te wees, in die geval van 'n lid waarna in klousule 16(1)(g), (h), (i), (j) of (m) verwys word;

- (d) ophou om 'n student van die Universiteit te wees, in die geval van 'n lid waarna in klousule 16(1)(k) of (l) verwys word;
 - (e) ophou om 'n lid van die liggaam of kategorie van persone te wees wat die lid verkies het, in die geval van 'n lid waarna in klousule 16(1)(d), (g), (h), (j), (k) of (l) verwys word;
 - (f) vir drie opeenvolgende vergaderings van die Senaat afwesig is sonder dat daar vooraf verskoning gemaak is by die registrateur;
 - (g) skuldig bevind word aan oortreding van die gedragskode soos voorsien in klousule 11(1) of van 'n gedragskode in die reëls, of in dissiplinêre verrigtinge aan die Universiteit, en die Senaat bepaal dat voortgesette lidmaatskap van die Senaat onvanpas is;
 - (h) permanent onbevoeg raak om die funksies van 'n lid van die Senaat te verrig, soos bepaal deur die Senaat;
 - (i) deur 'n geregshof insolvent, voorlopig of finaal, verklaar is; of
 - (j) skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, maar 'n persoon word nie as gevonnissen beskou totdat 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis beslis is, of die tyd vir 'n appèl verstryk het nie.
- (2) Wanneer die lidmaatskap van 'n lid verstryk of vir enige rede beëindig word voor die verstryking van die ampstermyn, moet die registrateur skriftelike kennis aan die Senaat en, indien van toepassing, aan die liggaam wat die lid verkies het, gee.
- (3) By ontvangs van die kennisgewing van die registrateur moet die liggaam die vakature ooreenkomstig klousule 16 en die reëls vul.
- (4) 'n Persoon wat kragtens subklousule (3) 'n lid van die Senaat word, dien vir die toepaslike volle termyn gespesifiseer deur klousule 17, behalwe in die geval van 'n persoon waarna in klousule 16(1)(k) of (l) verwys word, wie se termyn ooreenstem met die termyn van die toepaslike studenteliggaam.

Bevoegdhede en funksies

- 19.** (1) Die Senaat is verantwoordelik, en verantwoordbaar teenoor die Raad, vir die akademiese en navorsingsfunksies van die Universiteit.

- (2) Die Senaat reguleer leer, onderrig, navorsing en akademiesesteunfunksies aan die Universiteit, en maak aanbevelings aan die Raad oor beleide rakende akademiese aangeleenthede.
- (3) Die Senaat oefen die bevoegdheids uit en verrig die pligte en funksies wat ingevolge die Wet, hierdie Statuut en die reëls daaraan toegeken word, insluitende enige bevoegdheids, pligte en funksies wat deur die Raad aan daaraan gedelegeer is, en in besonder:
- (a) moet die Senaat die Raad adviseer oor die toelatingsbeleid van die Universiteit ooreenkomstig artikel 37(1) en (3) van die Wet;
 - (b) moet die Senaat enige toelatingsverwante funksies van die Universiteit gespesifiseer in artikel 37(4) van die Wet wat die Raad wil verrig, goedkeur;
 - (c) moet die Senaat instem met die taalbeleid van die Universiteit ooreenkomstig artikel 27(2) van die Wet;
 - (d) moet die Senaat, met die goedkeuring van die Raad, die voorwaardes vir die verwerwing van kwalifikasies bepaal, besluit watter persone aan die voorwaardes voldoen, en die name aan die Raad voorlê;
 - (e) moet die Senaat reëls vir eksamens maak, en oor eksamens beheer uitoefen en toesig hou;
 - (f) moet die Senaat reëls vir akademiese programme maak, ná oorleg met die toepaslike fakulteitsrade;
 - (g) mag die Senaat aanbevelings aan die Raad maak oor die vorming, ontbinding of hersamestelling van akademiese strukture, insluitende fakulteite en departemente, en van ander entiteite en strukture wat nou saamhang met die akademiese en navorsingsfunksies van die Universiteit;
 - (h) moet die Senaat die samestelling van fakulteitsrade ooreenkomstig klousule 23(2) goedgekeur;
 - (i) moet die Senaat aanbevelings aan die Raad maak oor die aanwysing van die dekane van fakulteite;
 - (j) mag die Senaat komitees bestaande uit Senaatslede, of Senaatslede en ander persone met relevante kennis en ervaring,

aanwys om die Senaat met die verrigting van sy funksies by te staan;

- (k) moet die Senaat enige komitees wat deur die reëls of die beleide van die Universiteit vereis word, aanwys; en
- (l) onderworpe aan klousule 63 van hierdie Statuut, mag die Senaat enige bevoegdheid of funksie aan 'n komitee, struktuur of werknemer van die Universiteit deleger, maar die Senaat bly verantwoordelik en verantwoordbaar vir die uitoefening van die bevoegdheid en die verrigting van die funksie wat so gedeleger is.

Voorsitter en vergaderings

- 20.** (1) Die rektor is die voorsitter van die Senaat.
- (2) Indien die rektor afwesig is, dien 'n visirektor genomineer deur die rektor as voorsitter by daardie vergadering, en as die visirektore afwesig is, moet die sekretaris die lede wat teenwoordig versoek om deur die opsteek van hande 'n voorsitter vir daardie vergadering uit eie geledere te verkies.
 - (3) Die Senaat moet ten minste twee gewone vergaderings in elke semester hou.
 - (4) Die voorsitter:
 - (a) mag 'n buitengewone vergadering te enige tyd belê, en
 - (b) moet 'n buitengewone vergadering op die skriftelike versoek van een kwart of meer van die lede van die Senaat belê.
 - (5) Die doel van 'n buitengewone vergadering moet duidelik gestel word en geen ander aangeleentheid mag tydens die vergadering hanteer word nie.
 - (6) Die registrateur moet redelike kennis van elke vergadering aan die lede van die Senaat gee.
 - (7) Die kworum vir 'n Senaatsvergadering is een derde van die lede.
 - (8) Indien daar vir enige rede nie 'n kworum binne 'n halfuur na die geskeduleerde tyd vir die vergadering is nie, moet die voorsitter van daardie vergadering die vergadering uitstel tot 'n tyd, of 'n tyd en 'n datum nie meer as vyf werksdae later nie, en by daardie vergadering vorm die lede wat teenwoordig is 'n kworum.

- (9) Die Senaat moet 'n besluit neem met 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede wat stem, met een stem vir elke lid. In die geval van 'n staking van stemme, kan die voorsitter 'n beslissende stem uitoefen, behalwe in 'n verkiesing, waar die prosedure in klousule 12(3) van toepassing is, totdat 'n kandidaat, of die voorgeskrewe aantal kandidate, 'n meerderheid van stemme ontvang het.
- (10) Die Senaat moet die prosedures vir vergaderings en die vergaderings van komitees in ooreenstemming met die reëls bepaal.
- (11) Die voorsitter mag enige persoon uitnooi om 'n vergadering van die Senaat by te woon, maar sodanige persoon mag nie oor enige aangeleentheid stem nie.

Verkiesing van Senaatslede tot die Raad

- 21. Die Senaat moet drie lede uit eie geledere in die Raad verkies in ooreenstemming met die reëls.

Uitvoerende komitee van Senaat

- 22. (1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die Senaat wat bestaan uit:
 - (a) die rektor, wat die voorsitter van die uitvoerende komitee is;
 - (b) die viserektore;
 - (c) die uitvoerende bedryfshoof; en
 - (d) die dekane van die fakulteite.
- (2) Die uitvoerende komitee moet die prosedures vir vergaderings in ooreenstemming met die reëls vasstel.
- (3) Die kworum vir 'n vergadering van die uitvoerende komitee is een helfte plus een van die lede, waarvan ten minste drie lede van die rektor se bestuurspan moet wees.
- (4) Die uitvoerende komitee mag:
 - (a) die Senaat adviseer oor enige aangeleentheid waarna in klousule 19 verwys word;
 - (b) aanbevelings aan die Senaat maak oor die verslae van alle Senaatskomitees;
 - (c) enige dringende aangeleentheid namens die Senaat hanteer, maar moet aan die Senaat by die volgende vergadering verslag doen, en

die Senaat, indien dit uitvoerbaar is, mag enige besluit wat deur die uitvoerende komitee oor 'n dringende aangeleentheid geneem is herroep of wysig en enige verdere handeling in verband met sodanige dringende aangeleentheid neem wat dit as gepas beskou; en

- (d) enige ander aangeleentheid hanteer wat die Senaat aan die uitvoerende komitee gedelegeer het.

FAKULTEITSRADE

Instelling en samestelling

- 23.** (1) Die Senaat moet vir elke fakulteit 'n vaste komitee van die Senaat instel wat bekend staan as 'n fakulteitsraad.
- (2) 'n Fakulteitsraad mag sy eie samestelling bepaal, onderworpe aan goedkeuring deur die Senaat ingevolge klousule 19(3)(h), maar 'n fakulteitsraad:
- (a) mag slegs permanente personeellede en studente insluit;
 - (b) moet, onderworpe aan subklousule (3), alle permanente akademiese personeellede (naamlik professore, medeprofessore, senior lektore, lektore en junior lektore) insluit;
 - (c) moet voorsiening maak vir verteenwoordiging van administratiewe en ondersteuningspersoneel en studente; en
 - (d) moet verteenwoordigend van die fakulteit wees met inagneming van ras, geslag en gestremdheid.
- (3) Indien dwingende praktiese oorwegings dit moeilik maak om alle permanente akademiese personeellede wat in subklousule (2)(b) voorsien word in te sluit, mag 'n fakulteitsraad voorsiening maak vir enige van die genoemde kategorieë om deur lede wat uit eie geledere verkies is, verteenwoordig te word.

Bevoegdhede en funksies

24. (1) 'n Fakulteitsraad:

- (a) is verantwoordbaar teenoor, en moet aanbevelings maak aan, die Senaat ten opsigte van akademiese programme en aktiwiteite in die fakulteit;
- (b) moet voorstelle aan die Senaat maak vir die maak van reëls van toepassing op die fakulteit;
- (c) moet die Senaat inlig of doktorsale kandidate aan die voorgeskrewe voorwaardes en vereistes voldoen het;
- (d) moet die Senaat oor enige aangeleentheid adviseer, en enige funksies verrig, wat die Senaat na die fakulteitsraad verwys;
- (e) moet enige bevoegdheid uitoefen of enige funksie verrig wat deur die Senaat daaraan gedelegeer is; en
- (f) mag die dekaan of die Senaat oor enige aangeleentheid rakende die fakulteit adviseer.

Vergaderings

25. (1) 'n Vergadering van 'n fakulteitsraad moet voor elke gewone vergadering van die Senaat gehou word.

(2) Die dekaan:

- (a) mag 'n buitengewone vergadering te enige tyd belê, en
 - (b) moet 'n buitengewone vergadering op die skriftelike versoek van een kwart of meer van die lede van die fakulteitsraad belê.
- (3) Die doel van 'n buitengewone vergadering moet duidelik gestel word en geen ander aangeleentheid mag tydens die vergadering hanteer word nie.
- (4) Die dekaan tree op as voorsitter by 'n vergadering van die fakulteitsraad.
- (5) Indien die dekaan afwesig is, tree die visedekaan/adjunkdekaan as voorsitter by die vergadering op, of indien daar meer as een visedekaan/adjunkdekaan is, tree een van hulle wat deur die lede teenwoordig deur die opsteek van hande verkies word, as die voorsitter van die vergadering op.
- (6) Indien die dekaan en die visedekaan/adjunkdekaan, of al die visedekane/adjunkdekane afwesig is, moet die sekretaris die lede

teenwoordig versoek om deur die opsteek van hande 'n voorsitter vir daardie vergadering uit eie geledere te verkies.

- (7) Die kworum vir 'n fakulteitsraadvergadering is een derde van die lede.
- (8) Indien daar vir enige rede nie 'n kworum binne 'n halfuur na die geskeduleerde tyd vir die vergadering is nie, moet die voorsitter van daardie vergadering die vergadering uitstel tot 'n tyd, of 'n tyd of 'n datum nie meer as vyf werksdae later nie, en by daardie vergadering vorm die lede wat teenwoordig is 'n kworum.
- (9) 'n Fakulteitsraad moet 'n besluit neem met 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede wat stem, met een stem vir elke lid. In die geval van 'n staking van stemme, mag die voorsitter 'n beslissende stem uitoefen, behalwe in 'n verkiesing, waar die prosedure in klousule 12(3) van toepassing is, totdat 'n kandidaat, of die voorgeskrewe aantal kandidate, 'n meerderheid van stemme ontvang het.
- (10) 'n Fakulteitsraad moet die prosedures vir vergaderings in ooreenstemming met die reëls bepaal.
- (11) Die voorsitter mag enige persoon uitnooi om 'n vergadering van die fakulteitsraad by te woon, maar sodanige persoon mag nie oor enige aangeleentheid stem nie.

STUDENTERAAD

Instelling en samestelling

26. (1) Daar is 'n Studenteraad (SR) wat die belange van die studentegemeenskap verteenwoordig en kragtens institusionele reëls vir hierdie gemeenskap bekend as die Studentgrondwet funksioneer.
- (2) Die Studentgrondwet moet deur die Raad goedgekeur word en moet, onderworpe aan hierdie Statuut, die lidmaatskap, samestelling en wyse waarop die SR verkies word, die bevoegdhede, pligte, funksies en voorregte van die SR, die prosedure vir die verkiesing van die ampsdraers van die SR en die wysiging van die Studentgrondwet omskryf.

- (3) Daar moet elke jaar 'n verkiesing vir lede van die SR gehou word, en 'n lid dien vanaf die totstandkoming van 'n SR totdat die volgende SR tot stand kom, maar mag vir meer as een termyn verkies word, soos deur die Studentegrondwet bepaal.
- (4) Indien die verkiesing van lede van die SR nie op die bestemde tyd afgehandel is nie, of die SR nie behoorlik ná 'n verkiesing tot stand gekom het nie, verstryk lidmaatskap van die SR wanneer 'n interim-SR tot stand kom of 'n ander gepaste reëling ingevolge klousule 28 getref word.
- (5) Die rektor mag die SR ontbind indien die rektor besluit dat die SR disfunksioneel is, maar:
 - (a) voordat die rektor dit doen moet die rektor die SR 'n redelike geleentheid bied om geskrewe verhoë te rig oor waarom die SR nie ontbind behoort te word nie; en
 - (b) indien die rektor, na oorweging van hierdie verhoë, besluit om die SR te ontbind, moet die rektor dit skriftelik doen, en die redes vir die besluit vermeld.

Bevoegdhede en funksies

27. Die SR:

- (a) verkies persone om te dien in die Raad ingevolge klousule 6(g), in die Senaat ingevolge klousule 16(1)(k), in die Institusionele Forum ingevolge klousule 29(2)(c)(i), en enige ander universiteitstruktuur of -forum waar verteenwoordiging van die SR ingevolge die reëls vereis word;
- (b) verteenwoordig die studentegemeenskap in nasionale en internasionale studenteliggame;
- (c) oefen die bevoegdhede uit en voer die pligte en funksies uit wat deur die Studentegrondwet daaraan toegeken word; en
- (d) voldoen aan, en hou toesig oor, die nakoming van die Studentegrondwet.

Voortsetting van funksies

- 28.** (1) 'n Interim-SR moet deur die rektor aangewys word om die SR se bevoegdhede uit te oefen en funksies te verrig, indien:
- (a) geen verkiesing vir lede van die SR op die bestemde tyd plaasvind nie;
 - (b) daar 'n verkiesing is, maar dit nie voldoen aan die Studentgrondwet nie;
 - (c) die SR nie behoorlik ná 'n verkiesing tot stand kom nie;
 - (d) die SR bedank; of
 - (e) die SR ingevolge klousule 26(5) ontbind word.
- (2) Die interim-SR moet so gou as prakties moontlik deur 'n behoorlik verkose SR vervang word.

INSTITUSIONELE FORUM

Instelling en samestelling

- 29.** (1) Daar is 'n Institusionele Forum van 23 lede, wat bestaan uit verteenwoordigers uit elkeen van die volgende sektore – oorsig en bestuur, personeel, studente, en die gemeenskap.
- (2) Die sektore van die lidmaatskap van die Institusionele Forum word as volg saamgestel:
- (a) *Oorsig- en bestuursektor:*
 - (i) een persoon deur die Raad uit eie geledere verkies;
 - (ii) twee persone deur die Senaat uit eie geledere verkies;
 - (iii) die registrateur of 'n persoon wat deur die registrateur aangewys is;
 - (iv) die senior direkteur verantwoordelik vir gemeenskapsbetrekkinge of 'n persoon wat deur die senior direkteur aangewys is; en
 - (v) die direkteur verantwoordelik vir diensbillikheid of 'n persoon wat deur die direkteur aangewys is.

- (b) *Personeelsektor:*
- (i) twee persone wat deur die permanente nie-professorale akademiese personeel uit eie geledere verkies is;
 - (ii) twee persone wat deur die professionele en administratiewe steundienspersoneel uit eie geledere verkies is;
 - (iii) een persoon wat deur die tegniese steundienspersoneel uit eie geledere verkies is; en
 - (iv) een persoon wat deur die dienspersoneel op posvlak 14 tot 19 uit eie geledere verkies is, uitgesluit die professionele en administratiewe steundienspersoneel, en die tegniese steundienspersoneel.
- (c) *Studentesektor:*
- (i) twee persone wat deur die SR uit eie geledere verkies is;
 - (ii) een persoon wat deur die Tygerberg SR uit eie geledere verkies is;
 - (iii) een persoon wat deur die Primkomitee uit eie geledere verkies is;
 - (iv) een persoon wat deur die Verenigingsraad uit eie geledere verkies is; en
 - (v) een persoon wat deur die Akademiesebelangeraad uit eie geledere verkies is
- (d) *Gemeenskapsektor:*
- (i) een persoon, wat nie 'n werknemer of student van die Universiteit mag wees nie, wat deur die Konvokasie uit eie geledere verkies is; en
 - (ii) vier persone, wat nie werknemers of studente van die Universiteit mag wees nie, wat elkeen benoem is deur 'n liggaam wat die burgerlike samelewing verteenwoordig, soos geïdentifiseer deur die Institusionele Forum op die aanbeveling van die senior direkteur verantwoordelik vir gemeenskapsbetrekkings.

Ampstermyne

- 30.** (1) Die ampstermyne van 'n lid, buiten 'n lid wat deur 'n studenteliggaaam verkies is, is drie kalenderjare, en geen lid mag vir meer as twee opeenvolgende termyne dien nie.
- (2) Nie alle lede mag in dieselfde jaar verkies of benoem word nie tensy al die lede op dieselfde tydstip hulle ampte ontruim.
- (3) Die ampstermyne van 'n lid wat deur 'n studenteliggaaam verkies is, is een jaar en stem ooreen met die termyn van die betrokke studenteliggaaam.

Bevoegdhede en funksies

- 31.** (1) Die Institusionele Forum moet:
- (a) die Raad adviseer oor:
- (i) die implementering van die Wet en die nasionale beleid oor hoër onderwys;
 - (ii) ras- en genderbillikheidsbeleide;
 - (iii) die seleksie van kandidate vir seniorbestuursposte;
 - (iv) gedragskodes, mediasie en geskilbeslegtingsprosedures; en
 - (v) die kweek van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir menseregte bevorder en geskikte omstandighede vir leer, onderrig en navorsing daarstel; en
 - (vi) enige ander aangeleentheid soos deur die Raad bepaal.
- (b) enige ander funksie, soos deur die Raad bepaal, verrig.
- (2) Die Raad mag 'n besluit neem oor enige aangeleentheid waarna in subklousule (1)(a) verwys word, slegs ná oorweging van die advies van die Institusionele Forum, en moet geskrewe redes verskaf indien die advies nie aanvaar word nie.

Voorsitters en vergaderings

- 32.** (1) Die Institusionele Forum moet elke drie jaar by 'n vergadering uit eie geledere 'n voorsitter en ondervoorsitter verkies, maar hulle mag nie vir meer as twee opeenvolgende termyne dien nie.
- (2) Met die oog op die verkiesing, neem die uittredende voorsitter of, indien die uittredende voorsitter nie aanwesig is nie, die uittredende

- ondervoorsitter of 'n ander lid van die Institusionele Forum wat deur die lede teenwoordig deur die opsteek van hande verkies word, waar as voorsitter van die vergadering totdat die voorsitter verkies is.
- (3) 'n Nominasie vir die voorsitter of ondervoorsitter moet op skrif wees, voor die vergadering by die registrateur ingedien word, deur twee lede van die Institusionele Forum onderteken word en van 'n ondertekende verklaring deur die genomineerde om die nominasie te aanvaar, vergesel word.
 - (4) Met die verkiesing van die voorsitter of ondervoorsitter is die prosedure in klousule 12(3) van toepassing, totdat 'n kandidaat 'n meerderheid van stemme ontvang.
 - (5) Dieselfde prosedure word met die verkiesing van die ondervoorsitter gevolg, behalwe dat die funksies van die voorsitter by die vergadering deur die nuut verkose voorsitter verrig word.
 - (6) Die Institusionele Forum moet vergader op die datums wat in die Universiteit se kalender aangedui is.
 - (7) Die voorsitter:
 - (a) mag 'n buitengewone vergadering te enige tyd belê, en
 - (b) moet 'n buitengewone vergadering op die skriftelike versoek van een kwart of meer van die lede van die Institusionele Forum belê.
 - (8) Die doel van 'n buitengewone vergadering moet duidelik gestel word en geen ander aangeleentheid mag tydens die vergadering hanteer word nie.
 - (9) Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter by 'n vergadering afwesig is, moet die sekretaris die teenwoordige lede versoek om 'n voorsitter vir daardie vergadering uit eie geledere deur die opsteek van hande te verkies.
 - (10) Die kworum vir 'n vergadering is een helfte, plus een, van die lede.
 - (11) Indien daar vir enige rede nie 'n kworum binne 'n halfuur na die geskeduleerde aanvangstyd vir die vergadering is nie, moet die voorsitter van daardie vergadering die vergadering uitstel tot 'n tyd, of 'n tyd of 'n datum nie meer as vyf werksdae later nie, en by daardie vergadering vorm die lede wat teenwoordig is 'n kworum.
 - (12) Die Institusionele Forum moet 'n besluit neem met 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede wat stem, met een stem vir elke lid. In die geval van 'n staking van stemme, mag die voorsitter 'n beslissende stem

uitoefen, behalwe in 'n verkiesing, waar die prosedure in klousule 12(3) van toepassing is, totdat 'n kandidaat, of die voorgeskrewe aantal kandidate, 'n meerderheid van stemme ontvang het.

- (13) Die Institusionele Forum moet die prosedures vir vergaderings in ooreenstemming met die reëls bepaal.
- (14) Die voorsitter mag enige persoon uitnooi om 'n vergadering van die Institusionele Forum by te woon, maar sodanige persoon mag nie oor enige aangeleentheid stem nie.

Uitvoerende komitee van Institusionele Forum

- 33.** (1) Die uitvoerende komitee van die Institusionele Forum bestaan uit:
- (a) die voorsitter en ondervoorsitter; en
 - (b) een persoon wat elke drie jaar in ooreenstemming met die reëls verkies word deur elke sektor waarna in klousule 29(2) verwys word, behalwe in die geval van die studentesektor waar 'n persoon jaarliks verkies moet word.
- (2) Die uitvoerende komitee moet die prosedures vir die vergaderings daarvan in ooreenstemming met die reëls bepaal.
- (3) Die kworum vir 'n vergadering van die uitvoerende komitee is een helfte, plus een, van die lede.
- (4) Die uitvoerende komitee mag:
- (a) die Institusionele Forum adviseer oor enige aangeleentheid waarna in klousule 31(1) verwys word;
 - (b) enige dringende aangeleentheid namens die Institusionele Forum hanteer, maar moet aan die Forum by die volgende vergadering verslag doen, en die Forum, indien dit uitvoerbaar is, mag enige besluit wat deur die uitvoerende komitee oor 'n dringende aangeleentheid geneem is, herroep of wysig en enige verdere handeling in verband met sodanige dringende aangeleentheid neem wat dit as gepas beskou; en
 - (c) enige ander aangeleentheid hanteer wat deur die Institusionele Forum aan die uitvoerende komitee gedelegeer word.

REKTOR SE BESTUURSPAN

Samestelling en pligte

- 34.** (1) Die rektor se bestuurspan moet die rektor met die bestuur en administrasie van die Universiteit bystaan, en bestaan uit:
- (a) die rektor;
 - (b) die viserektore;
 - (c) die uitvoerende bedryfshoof;
 - (d) die registrateur; en
 - (e) die persone deur die rektor benoem.
- (2) Die rektor se bestuurspan moet die lede van die algemenebestuurdersvergadering waarna in klousule 35(d) verwys word, aanwys en mag ook ander komitees aanwys om die rektor se bestuurspan in die verrigting van sy funksies by te staan.

ALGEMENEBESTUURDERSVERGADERING

Samestelling en pligte

- 35.** Die algemenebestuurdersvergadering adviseer die rektor se bestuurspan oor aangeleenthede wat die bestuur en administrasie van die Universiteit raak, en word saamgestel uit:
- (a) die rektor se bestuurspan;
 - (b) die dekane;
 - (c) hoofdirekteure en senior direkteure; en
 - (d) enige ander persone deur die rektor se bestuurspan aangewys.

HOOFSTUK 3

AMPSDRAERS

KANSELIER

Status

36. Die kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit.

Vereistes

37. Die kanselier:

- (a) moet bevoeg en toepaslik gekwalifiseer en ervare vir die amp wees; en
- (b) mag nie 'n werknemer of student van die Universiteit wees, 'n lid van die raad van 'n ander hoëronderwysinstelling wees, of deur so 'n instelling in 'n permanente uitvoerende bestuurshoedanigheid op die vlak van, of ekwivalent aan, 'n dekaan of hoër in diens geneem wees nie.

Verkiesing

38. (1) Die kanselier word verkies deur 'n kieskollege wat uit die lede van die Raad en die lede van die uitvoerende komitee van die Senaat bestaan.
- (2) Wanneer 'n kanselier verkies moet word, moet die registrateur redelike kennis in die media en elders gee, die datum van die verkiesing spesifiseer, en 'n beroep op die lede van die Konvokasie doen om geskikte kandidate teen 'n sperdatum te nomineer.
- (3) 'n Nominasie moet op skrif wees, minstens drie weke voor die verkiesing by die registrateur ingedien word, en onderteken wees deur ten minste 20 Konvokasielede en vergesel word van 'n ondertekende verklaring deur die genomineerde dat hy of sy die nominasie aanvaar.
- (4) Die kieskollege oorweeg die nominasies by 'n vergadering waar die voorsitter van die Raad of, in die afwesigheid van die voorsitter, die ondervoorsitter as voorsitter optree. Indien albei afwesig is, moet die

oorblywende lede van die kieskollege 'n voorsitter uit eie geledere deur die opsteek van hande verkies.

- (5) Die kworum vir 'n vergadering van die kieskollege is een helfte, plus een, van die lede.
- (6) Indien meer as een kandidaat genomineer word, is die prosedure in klousule 12(3) van toepassing, totdat 'n kandidaat 'n meerderheid van stemme ontvang.
- (7) Indien slegs een kandidaat genomineer word, vind 'n geheime stemming plaas en moet die kandidaat 'n meerderheid van die stemme van teenwoordige lede wat stem ontvang, met een stem vir elke lid. Indien die kandidaat nie 'n meerderheid van stemme ontvang nie, moet 'n nuwe verkiesing ingevolge hierdie klousule belê word.

Ampstermyn

- 39.** (1) Die ampstermyn van die kanselier is vyf jaar, en die kanselier mag weer vir slegs een verdere opeenvolgende termyn verkies word.
- (2) Die ampstermyn van die kanselier begin wanneer die amp opgeneem word en eindig wanneer die amp ontruim word of die volgende persoon wat as kanselier verkies is, die amp opneem.
- (3) Die Raad mag die kanselier van die amp onthef met 'n tweederdemeerderheid van al die Raadslede op grond van 'n ernstige oortreding van die reg, ernstige wangedrag, of ongeskiktheid.
- (4) 'n Vakature in die amp van kanselier moet in ooreenstemming met klousule 38 gevul word, en die persoon word vir 'n volle termyn verkies.

REKTOR EN VISEKANSELIER

Pligte en aanspreeklikheid

- 40.** (1) Die rektor is die hoof van die Universiteit soos voorsien in artikel 30 van die Wet, en is ook die visekanselier van die Universiteit.

- (2) Die rektor is die hoof-uitvoerende en rekenpligtige amptenaar van die Universiteit, is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Universiteit en is verantwoordbaar teenoor die Raad.

Aanstelling

41. (1) Die Raad moet, ná oorlegpleging met die Senaat en die Institusionele Forum en ooreenkomstig die prosedures voorgeskryf in die reëls, die rektor aanstel, en moet die pligte, funksies, voorregte en diensvoorwaardes van die rektor vasstel.
- (2) Die rektor moet bevoeg en toepaslik gekwalifiseer en ervare vir die amp wees.

Ampstermyn

42. (1) Die rektor mag die amp beklee vir 'n tydperk, soos deur die Raad bepaal, van nie meer as vyf jaar nie, en mag weer vir een verdere opeenvolgende termyn aangestel word sonder om weer vir die pos aansoek hoef te doen, waarna die persoon opnuut vir die pos aansoek mag doen.
- (2) Die amp van die rektor raak vakant indien die rektor skriftelik by die registrateur bedank of enige van die omstandighede wat in klousule 18(1)(f), (g), (h), (i) of (j) beskryf word op die rektor van toepassing word.
- (3) Die Raad mag die rektor van die amp onthef met 'n tweederdemeerderheidstem van al die Raadslede op grond van 'n ernstige oortreding van die reg, ernstige wangedrag, ongeschiktheid of versuim om aan operasionele vereistes te voldoen.
- (4) 'n Vakature in die amp van rektor moet in ooreenstemming met klousule 41 gevul word.
- (5) Wanneer die amp van rektor vakant is of die rektor tydelik ongeschik is om die pligte van rektor uit te voer, wys die Raad 'n visirektor of die uitvoerende bedryfshoof aan om as rektor op te tree.

VISEREKTORE EN ONDERVISEKANSELIERS

Aanstelling, pligte en ampstermyne

43. (1) Die Raad moet een of meer viserektore, wat, soos beoog in artikels 27(4)(b) en 28(2)(b) van die Wet, die adjunkhoofde is, aanstel ná oorleg met die Senaat en die Institusionele Forum en ooreenkomstig die prosedures voorgeskryf in die reëls, en moet die pligte, funksies, voorregte en diensvoorwaardes van 'n viserektor vasstel.
- (2) 'n Viserektor is ook 'n ondervisekanselier van die Universiteit.
- (3) 'n Viserektor mag die amp beklee vir 'n tydperk, soos deur die Raad bepaal, van nie meer as vyf jaar nie, en mag weer vir een verdere opeenvolgende termyn aangestel word sonder om weer vir die pos aansoek hoef te doen, waarna die persoon opnuut vir die pos aansoek mag doen.
- (4) 'n Viserektor doen verslag aan die rektor en is verantwoordbaar teenoor die Raad.
- (5) Die amp van 'n viserektor raak vakant indien die viserektor skriftelik by die registrateur bedank of enige van die omstandighede wat in klousule 18(1)(f), (g), (h), (i) of (j) beskryf word op die viserektor van toepassing word.
- (6) Die Raad mag 'n viserektor van die amp onthef met 'n tweederdemeerderheidstem van al die Raadslede op grond van 'n ernstige oortreding van die reg, ernstige wangedrag, ongeschiktheid of versuim om aan operasionele vereistes te voldoen.
- (7) 'n Vakature in die amp van viserektor moet in ooreenstemming met subklousule (1) gevul word.
- (8) Wanneer die amp van viserektor vakant is of 'n viserektor tydelik ongeschik is om die pligte van viserektor uit te voer, tree 'n persoon aangewys deur die rektor as viserektor op.

UITVOERENDE BEDRYFSHOOF

Aanstelling, pligte en ampstermyn

44. (1) Die Raad moet 'n uitvoerende bedryfshoof aanstel ná oorleg met die Senaat en die Institusionele Forum en ooreenkomstig die prosedures voorgeskryf in die reëls, en moet die pligte, funksies, voorregte en diensvoorwaardes van die uitvoerende bedryfshoof vasstel.
- (2) Die uitvoerende bedryfshoof mag die amp beklee vir 'n tydperk, soos deur die Raad bepaal, van nie meer as vyf jaar nie, en wanneer hierdie termyn of enige opeenvolgende termyn verstryk, mag die uitvoerende bedryfshoof weer vir 'n verdere termyn van nie meer as vyf jaar nie aangestel word.
- (3) Die uitvoerende bedryfshoof doen verslag aan die rektor en is verantwoordbaar teenoor die Raad.
- (4) Die amp van die uitvoerende bedryfshoof raak vakant indien die uitvoerende bedryfshoof skriftelik by die registrateur bedank of enige van die omstandighede wat in klousule 18(1)(f), (g), (h), (i) of (j) beskryf word op die bedryfshoof van toepassing word.
- (5) Die Raad mag die uitvoerende bedryfshoof van die amp onthef met 'n tweederdemeerderheidstem van al die Raadslede op grond van 'n ernstige oortreding van die reg, ernstige wangedrag, ongeskiktheid of versuim om aan operasionele vereistes te voldoen.
- (6) 'n Vakature in die amp van uitvoerende bedryfshoof moet in ooreenstemming met subklousule (1) gevul word.
- (7) Wanneer die amp van uitvoerende bedryfshoof vakant is of die uitvoerende bedryfshoof tydelik ongeskik is om die pligte van uitvoerende bedryfshoof uit te voer, tree 'n persoon aangewys deur die rektor as uitvoerende bedryfshoof op.

REGISTRATEUR

Aanwysing, pligte en ampstermyn

45. (1) Die registrateur is verantwoordelik vir die akademiese administrasie van die Universiteit.
- (2) Die registrateur
- (a) is die sekretaris van die Raad en die Senaat en die uitvoerende komitees van die Raad en die Senaat;
 - (b) verskaf sekretariële dienste aan die Institusionele Forum, die rektor se bestuurspan, die algemenebestuurdersvergadering en ander institusionele liggame wat die Raad bepaal;
 - (c) ondersteun die goeie oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit; en
 - (d) verseker nakoming van die Wet en ander toepaslike wetgewing, hierdie Statuut, en relevante beleide en reëls van die Universiteit.
- (3) Die registrateur mag aan die besprekings van die Raad, die Senaat, die Institusionele Forum, die rektor se bestuurspan en die algemenebestuurdersvergadering deelneem, maar mag slegs in die Institusionele Forum, die rektor se bestuurspan en die algemenebestuurdersvergadering stem.
- (4) Die Raad moet ooreenkomstig die reëls 'n registrateur aanstel, moet die pligte, funksies, voorregte en diensvoorwaardes van die registrateur vasstel, en moet die ampstermyn van die registrateur, wat nie meer as vyf jaar mag wees nie, vasstel. Die registrateur mag weer aangestel word wanneer hierdie termyn of enige opeenvolgende termyn van nie meer as vyf jaar nie verstryk.
- (5) Die registrateur is aanspreeklik teenoor die rektor, en wat betref die pligte en funksies ten opsigte van 'n bepaalde liggaam, teenoor daardie liggaam.
- (6) Die amp van die registrateur raak vakant indien die registrateur skriftelik by die rektor bedank of enige van die omstandighede wat in klousules 18(1)(g), (h), (i) of (j) beskryf word op die registrateur van toepassing word.

- (7) Die Raad mag die registrateur van die amp onthef met 'n tweederdemeerderheidstem van al die Raadslede op grond van 'n ernstige oortreding van die reg, ernstige wangedrag, ongeschiktheid of versuim om aan operasionele vereistes te voldoen.
- (8) Wanneer die amp van registrateur vakant is of die registrateur tydelik ongeschik is om die pligte van registrateur uit te voer, tree 'n persoon aangewys deur die rektor as registrateur op.

DEKANE

Aanstelling, pligte en ampstermyne

- 46.** (1) Die Raad moet, ná oorlegpleging met die betrokke fakulteitsraad, die Senaat en die Institusionele Forum, en ooreenkomstig die reëls, vir elke fakulteit 'n dekaan aanstel, en moet die ampstermyne en die pligte, funksies, voorregte en diensvoorwaardes van 'n dekaan vasstel.
- (2) 'n Dekaan mag die amp beklee vir 'n tydperk, soos deur die Raad bepaal, van nie meer as vyf jaar nie, en mag sonder om weer vir die pos aansoek hoef te doen weer vir een verdere opeenvolgende termyn aangestel word, waarna die persoon opnuut vir die pos aansoek mag doen.
- (3) 'n Dekaan is verantwoordbaar teenoor die rektor of die visirektor deur die rektor aangewys.
- (4) Die amp van 'n dekaan raak vakant indien die dekaan skriftelik by die registrateur bedank of enige van die omstandighede wat in klousule 18(1)(f), (g), (h), (i) of (j) beskryf word op die dekaan van toepassing word.
- (5) Die Raad mag 'n dekaan van die amp onthef met 'n tweederdemeerderheidstem van al die Raadslede op grond van 'n ernstige oortreding van die reg, ernstige wangedrag, ongeschiktheid of versuim om aan operasionele vereistes te voldoen.
- (6) 'n Vakature in die amp van dekaan moet in ooreenstemming met subklousule (1) gevul word.
- (7) Wanneer die amp van dekaan vakant is of 'n dekaan tydelik ongeschik is om die pligte van dekaan uit te voer, tree 'n persoon deur die rektor aangewys as dekaan op.

- (8) Elke fakulteitsraad mag 'n visedekaan of visedekane, in ooreenstemming met die reëls, verkies en hulle pligte en funksies vasstel.

HOOFSTUK 4

DIE KONVOKASIE

Samestelling van Konvokasie

47. (1) Die Konvokasie van die Universiteit bestaan uit:
- (a) alle persone aan wie 'n kwalifikasie by 'n kongregasie van die Universiteit toegeken is;
 - (b) die rektor, die viserektore, uitvoerende bedryfshoof en die voltydse akademiese personeel van die Universiteit; en
 - (c) voormalige voltydse akademiese personeel van die Universiteit wat die diens van die Universiteit verlaat het as gevolg daarvan dat hulle die aftree-ouderdom bereik het.
- (2) Die registrateur moet die ledelys van die Konvokasie waarna in subklousule (1) verwys word, byhou. 'n Lid moet die registrateur van 'n adresverandering in kennis stel.
- (3) Die ledelys is afdoende bewys van lidmaatskap van die Konvokasie, en slegs 'n persoon wie se naam op die ledelys verskyn, mag stem.
- (4) 'n Lid van die Konvokasie mag skriftelik bedank by die registrateur.
- (5) 'n Persoon wat bedank het mag skriftelik by die registrateur aansoek doen om as 'n lid hertoegelaat te word, en die registrateur moet die aangeleentheid aan die uitvoerende komitee van die Konvokasie vir beslissing voorlê.

Doel en funksies

48. (1) Die doel van die Konvokasie is om die welsyn van die Universiteit te bevorder deur 'n wedersyds voordelige verhouding tussen die Universiteit

en die lede van die Konvokasie te handhaaf, en mag die Raad, en die Senaat wanneer gepas, in hierdie verband adviseer.

- (2) Die Konvokasie moet:
 - (a) lede uit eie geledere tot die Raad en die Institusionele Forum in ooreenstemming met klousules 6(k) en 29(2)(d)(i) verkies; en
 - (b) persone vir die verkiesing van die kanselier van die Universiteit in ooreenstemming met klousule 38(2) en (3) nomineer.

Deelname aan vergaderings en verkiesings

49. (1) Vir die doeleindes van 'n vergadering van die Konvokasie en die verkiesing deur die Konvokasie van lede in die Raad in ooreenstemming met klousule 6(k), lede in die Institusionele Forum in ooreenstemming met klousule 29(2)(d)(i), of lede van die uitvoerende komitee van die Konvokasie in ooreenstemming met klousule 51(1), moet die registrateur:
 - (a) voorsiening maak vir die deelname van lede van die Konvokasie deur elektroniese metodes; en
 - (b) redelike stappe doen, met beskikbare hulpbronne, om die hoogste moontlike vlak van deelname deur lede te fasiliteer.
- (2) Die registrateur moet 'n verkiesing waarna in subklousule (1) verwys word, ooreenkomstig die institusionele reëls organiseer en daarvoor toesig hou.

Vergaderings

50. (1) Onderworpe aan klousule 49 vind vergaderings van die Konvokasie plaas ooreenkomstig hierdie klousule.
- (2) Die president of, in die afwesigheid van die president, die vise-president moet 'n jaarvergadering van die Konvokasie belê.
- (3) Die president moet op skriftelike versoek van ten minste 100 lede 'n buitengewone vergadering belê.
- (4) Die doel van 'n buitengewone vergadering moet duidelik gestel word en geen ander aangeleentheid mag tydens die vergadering hanteer word nie.
- (5) Die sekretaris moet billike kennis van 'n vergadering gee, en die kennisgewing moet die agenda insluit, ooreenkomstig die prosedures voorgeskryf in die reëls.

- (6) Die president of, in die afwesigheid van die president, die vise-president, sit voor op 'n vergadering van die Konvokasie. Indien albei afwesig is, moet die sekretaris die teenwoordige lede versoek om uit eie geledere 'n voorsitter vir daardie vergadering te verkies.
- (7) Die kworum vir 'n vergadering van die Konvokasie is 250 lede.
- (8) Indien daar vir enige rede nie 'n kworum binne 'n halfuur na die geskeduleerde tyd vir die vergadering is nie, moet die voorsitter van daardie vergadering dit uitgestel tot 'n tyd en datum van nie langer as 14 dae later nie, en by daardie vergadering vorm die lede wat teenwoordig is 'n kworum.
- (9) Die Konvokasie moet 'n besluit neem met 'n meerderheid van stemme van teenwoordige of deelnemende lede, met een stem vir elke lid. In die geval van 'n staking van stemme, mag die voorsitter 'n beslissende stem uitoefen.
- (10) Die Konvokasie moet die prosedure vir vergaderings in ooreenstemming met die reëls bepaal.
- (11) Die sekretaris moet die rekord van 'n vergadering by die registrateur indien.
- (12) Die registrateur moet advies wat van die Konvokasie ingevolge klousule 48(1) ontvang word aan die Raad, sowel as die Senaat wanneer toepaslik, voorlê.

Uitvoerende komitee van Konvokasie

- 51.** (1) Die Konvokasie moet uit eie geledere 'n president, 'n vise-president, 'n sekretaris, en twee ander lede verkies, wat die uitvoerende komitee van die Konvokasie uitmaak.
- (2) 'n Lid van die uitvoerende komitee beklee die amp vir drie jaar en mag weer verkies word, maar mag nie die amp vir meer as drie opeenvolgende termyne beklee nie.
- (3) 'n Lid van die uitvoerende komitee ontruim die amp voor die verstryking van die ampstermyn, indien die lid:
- (a) skriftelik by die registrateur bedank;

- (b) afwesig is by drie opeenvolgende vergaderings van die uitvoerende komitee sonder dat daar vooraf verskoning by die registrateur aangeteken is;
 - (c) permanent onbevoeg raak om die funksies van 'n lid van die uitvoerende komitee te verrig, soos bepaal deur die ander lede van die uitvoerende komitee;
 - (d) deur 'n geregshof insolvent, voorlopig of finaal, verklaar is; of
 - (e) skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, maar 'n persoon word nie as gevonnissen beskou totdat 'n appèl teen die skuldigbevinding of vonnis beslis is, of die tyd vir 'n appèl verstryk het nie.
- (4) Wanneer daar 'n vakature in die amp van president ontstaan, tree die vise-president as president op totdat 'n president verkies word.
 - (5) 'n Persoon wat verkies word om 'n vakature in die uitvoerende komitee te vul, beklee die amp tot die verstryking van die driejaartermyn van die ander lede van die uitvoerende komitee, en mag weer verkies word, maar mag nie die amp vir meer as drie opeenvolgende termyne beklee nie.
 - (6) Die uitvoerende komitee ondersteun die Konvokasie in die verwesenliking van die doelwit en die verrigting van die funksies waarna in klousule 48 verwys word en gee uitvoering aan besluite van die Konvokasie, en moet aan die Konvokasie by die volgende vergadering verslag doen.

HOOFSTUK 5

DONATEURS

Erkenning

- 52. (1) Die Raad mag 'n persoon of instelling as 'n lid van die kieskollege van donateurs erken vir 'n tydperk vasgestel deur die Raad wanneer die persoon of instelling 'n skenking aan die Universiteit maak wat gelyk is aan 'n bedrag wat van tyd tot tyd in die reëls vasgestel word.

- (2) Die registrateur moet 'n lys van die name en adresse van donateurs byhou, en van die naam van die persoon wat namens 'n instelling wat ingevolge subklousule (1) erken word, sal stem.

Verkiesing deur donateurs

53. Die kieskollege van donateurs moet lede in die Raad in ooreenstemming met klousule 6(l) en die prosedures vasgestel in die reëls verkies.

HOOFSTUK 6

WERKNEMERS

Aanstelling en diensvoorwaardes

54. (1) Die Raad moet akademiese, administratiewe-ondersteunings- en tegniese werknemers in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing en die indiensnemingsbeleide van die Universiteit aanstel, en moet die salarisse en ander vorme van vergoeding van werknemers, en ander diensbepalings en -voorwaardes, insluitende dissiplinêre maatreëls, vasstel.
- (2) 'n Akademiese werknemer moet ná oorlegpleging met die Senaat aangestel word.

Verteenwoordigende werknemersorganisasies

55. Die Raad mag een of meer verteenwoordigende werknemersorganisasies erken en met sodanige organisasie of organisasies ooreenkomste oor salarisse, diensbepalings en -voorwaardes en verwante aangeleenthede aangaan ooreenkomstig die toepaslike arbeids- en indiensnemingswetgewing.

HOOFSTUK 7

STUDENTE

Toelating en registrasie

56. (1) Ten einde 'n student van die Universiteit te wees, moes 'n persoon tot die Universiteit toegelaat wees en vir 'n module, of vir 'n program wat lei tot die verwerwing van 'n kwalifikasie, geregistreer wees.
- (2) Die Raad, met die instemming van die Senaat, mag:
- (a) die maksimum getal studente wat aan die Universiteit geregistreer mag wees of die maksimum getal studente wat vir 'n bepaalde program aan die Universiteit geregistreer mag wees bepaal; en
 - (b) in ooreenstemming met die toelatingsbeleid van die Universiteit keuringstoetse of 'n spesifieke standaard van akademiese bekwaamheid voorskryf as toelatingsvereistes vir studie of 'n bepaalde program aan die Universiteit.
- (3) 'n Student wat toegelaat is tot en geregistreer is aan die Universiteit hou aan om 'n student van die Universiteit te wees vir die duur van die akademiese program, of tot die tydstip wat die student of die Universiteit die registrasie ooreenkomstig die reëls beëindig.
- (4) Ten einde met studie aan die Universiteit voort te gaan, moet 'n student jaarliks ingevolge die reëls herregistreer.
- (5) 'n Student wie se studie sonder toestemming vir 'n jaar of langer onderbreek is, moet opnuut vir toelating aansoek doen ten einde geherregistreer te word.
- (6) Die Raad, ná oorlegpleging met die Senaat, mag vereistes vir die hertoelating van 'n student stel en mag hertoelating weier tensy daar aan sodanige vereistes voldoen is.
- (7) 'n Persoon wat tot die Universiteit toegelaat is, en die voorneme demonstreer om as 'n student met die Universiteit geassosieer te wees deur universiteitsfasiliteite te gebruik of aan universiteitsaktiwiteite deel te

neem, is onderworpe aan die reëls, selfs al het die persoon nog nie geregistreer soos voorsien in subklousule (1) nie.

Dissipline

57. (1) Die Raad, ná oorlegpleging met die Senaat en die SR, moet reëls ten opsigte van studentedissipline maak en die reëls moet in die Dissiplinêre Kode vir Studente gestipuleer word.
- (2) Die rektor is verantwoordelik vir studentedissipline en moet 'n jaarlikse verslag oor studentedissipline aan die Raad en die Senaat voorlê.
- (3) 'n Student is onderworpe aan die dissiplinêre reëls en prosedures verskaf in die Dissiplinêre Kode vir Studente en toegepas deur die toepaslike dissiplinêre liggame wat in die Kode voorsien word.
- (4) Die dissiplinêre kode is ook van toepassing op enige persoon wat ingestem het om hulle by hierdie kode neer te lê, asof die persoon 'n student was.

HOOFSTUK 8

KWALIFIKASIES EN EREGRADE

Gesag van Universiteit

58. (1) Die Universiteit mag die kwalifikasies wat deur die Raad op aanbeveling van die Senaat vasgestel is, en wat ooreenkomstig die Wet en ander toepaslike wetgewing goedgekeur, geakkrediteer en geregistreer is, en wat in die reëls vervat is, toeken en uitreik.
- (2) Onderworpe aan klousule 60, mag geen kwalifikasie toegeken of uitgereik word aan 'n persoon wat nie:
- (a) as 'n student van die Universiteit geregistreer was vir die tydperk wat deur die Senaat in die reëls voorgeskryf is nie; en

- (b) die werk voltooi het en die standaard van bekwaamheid vasgestel deur assessering soos deur die Senaat vereis en voorgeskryf in die reëls, verwerf het nie.
- (3) Die Senaat mag in ooreenstemming met die reëls 'n persoon vrystel van die vereistes vir 'n kwalifikasie ten opsigte van bywoning en eksamens in die geval van 'n student wat gegraduateer of 'n kwalifikasie verwerf het van, of 'n module voltooi het aan, 'n ander fakulteit aan die Universiteit of 'n ander hoëronderrysinstelling.
- (4) Onderworpe aan artikel 65BA van die Wet, mag die Raad, met die instemming van die Senaat, 'n graad terugtrek of 'n diploma, sertifikaat of ander kwalifikasie ontnem wat:
 - (a) deur plagiaat, bedrog, omkoperij of enige ander oneerlike handeling verwerf is; of
 - (b) op grond van 'n wesenlike fout aan die kant van die Universiteit toegeken of uitgereik is, maar 'n terugtrekking of ontneming op hierdie grond mag nie meer as twee jaar na die kwalifikasie toegeken of uitgereik is, plaasvind nie.

Kongregasie

- 59.** (1) Kwalifikasies moet by 'n vergadering van die Universiteit wat 'n kongregasie genoem word, toegeken en uitgereik word, en die kongregasie moet deur die registrateur belê word op 'n tyd, plek en op 'n manier wat deur die reëls bepaal word.
- (2) Die kanselier of, in die afwesigheid van die kanselier, die rektor of die viserektor deur die rektor genomineer, tree as voorsitter by die kongregasie op.
- (3) 'n Kwalifikasie mag nie toegeken of uitgereik word nie tensy die registrateur gesertifiseer het en die Senaat tevrede is dat daar aan die vereistes vir die kwalifikasie voldoen is.
- (4) 'n Persoon is nie geregtig op die voorregte van 'n kwalifikasie totdat dit by 'n kongregasie toegeken of uitgereik is nie. Indien 'n student aan die akademiese vereistes vir 'n graad of diploma voldoen en die graad- of diplomasertifikaat is nog nie uitgereik nie, mag die registrateur 'n dokument uitreik wat verklaar dat die student aan die akademiese

vereistes vir die graad of diploma voldoen en dat die sertifikaat in ooreenstemming met die reëls uitgereik sal word.

- (5) 'n Kwalifikasie mag toegeken of uitgereik word in die afwesigheid, of ná die dood, van die betrokke persoon.

Toekenning van eregrade en -toekennings

60. Die Raad mag, sonder eksaminering, eremagistersgrade en doktorsgrade en ander eretoekennings toeken, en mag sodanige eregrade en eretoekennings herroep in ooreenstemming met die reëls.

HOOFSTUK 9

ALGEMEEN

Reëls

61. Die registrateur moet reëls wat deur die Raad kragtens klousule 10(3)(b), of reëls wat deur 'n ander liggaam ingevolge 'n delegasie onder klousule 10(6), gemaak is, publiseer, waarna die reëls in die Universiteit afdwingbaar is. Die registrateur moet in die jaarboek van die Universiteit of elders die manier en vorm waarop toegang tot die reëls van die Universiteit verkry kan word, bekend maak.

Uitwerking van vakatures

62. (1) Geen vakature in die lidmaatskap van 'n liggaam wat deur of ingevolge hierdie Statuut ingestel is, beperk die bevoegdheid van daardie liggaam om kragtens en ooreenkomstig die Wet of hierdie Statuut sy bevoegdhede uit te oefen en sy funksies te verrig nie.
- (2) Subklousule (1) stel nie 'n kworumvereiste, of 'n vereiste van 'n minimum aantal stemme vir 'n besluit, of 'n vereiste dat redelike stappe gedoen word om so gou as moontlik 'n vakature te vul in die lidmaatskap van 'n liggaam wat ingestel is deur of ingevolge hierdie Statuut, tersyde nie.

Delegasies

- 63.** (1) 'n Liggaam of ampsdraer aan wie 'n bevoegdheid of funksie deur of kragtens hierdie Statuut toegeken is, mag, gebaseer op sodanige bepalings of voorwaardes as wat sodanige liggaam of ampsdraer mag vasstel, daardie bevoegdheid of funksie aan 'n ander liggaam, ampsdraer of personeellid van die Universiteit deleger, tensy die Wet of hierdie Statuut die delegasie uitsluit.
- (2) 'n Liggaam of ampsdraer aan wie 'n bevoegdheid of funksie in ooreenstemming met hierdie Statuut gedelegeer is, mag sodanige bevoegdheid of funksie subdelegeer slegs kragtens 'n magtiging vervat in die delegasie self of andersins met die vooraf goedkeuring van die liggaam of ampsdraer aan wie die bevoegdheid of funksie oorspronklik toegeken is.
- (3) 'n Liggaam of ampsdraer wat enige bevoegdheid of funksie gedelegeer het, bly verantwoordelik vir die uitoefening van die bevoegdhede en die uitvoering van die funksies wat so gedelegeer is, en mag te enige tyd die delegasie terugtrek of die bepalings en voorwaardes van die delegasie wysig.
- (4) Die liggaam of ampsdraer aan wie 'n bevoegdheid of funksie in ooreenstemming met hierdie Statuut gedelegeer is moet, op die wyse en in die formaat, en op die tye soos deur die delegerende liggaam of ampsdraer bepaal, verslag doen aan die delegerende liggaam of ampsdraer.
- (5) Die registrateur moet 'n register van delegasies wat kragtens of ingevolge die Statuut gemaak is, byhou. Die registrateur moet in die jaarboek van die Universiteit of elders die manier en vorm waarop toegang tot die bepalings van die delegasies verkry kan word, bekend maak.

Oorgangsbepalings

- 64.** (1) 'n Liggaam en ampsdraer waarvoor in hierdie Statuut voorsiening gemaak word, wat bestaan het voordat hierdie Statuut in werking getree het, hou aan om te bestaan of 'n amp te beklee, en oefen die bevoegdhede uit en verrig die funksies wat hulle uitgeoefen en verrig het voordat hierdie

Statuut in werking getree het, maar hulle moet aan hierdie Statuut voldoen binne 24 maande nadat dit in werking getree het.

- (2) Enigiets gedoen, in werking gestel, begin of in die proses van afhandeling ingevolge die vorige Statuut, word geag gedoen, in werking gestel, begin of in die proses van afhandeling te wees ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Statuut.
- (3) Die bestaande reëls wat ten tye van die inwerkingtreding van hierdie Statuut van krag was, bly van krag totdat hulle vervang of opgehef word.
- (4) Die Raad mag enige stap as oorgangsmatreël doen wat nodig is om die effektiewe implementering van hierdie Statuut te verseker.

Wysiging van Statuut

- 65.** (1) Onderworpe aan artikels 32(2) en 33(1) van die Wet, mag die Raad hierdie Statuut met 'n tweedederdemeerderheid van al sy lede wysig.
- (2) Slegs 'n lid van die Raad mag 'n wysiging van hierdie Statuut indien. 'n Voorstel vir 'n wysiging mag ter tafel gelê word indien die registrateur skriftelike kennis daarvan aan al die Raadslede ten minste 14 kalenderdae voor die vergadering waartydens die voorstel ingedien moet word, gegee het, tensy 'n tweedederdemeerderheid van die teenwoordige lede wat ten gunste daarvan stem om af te sien van die vereiste van vooraf kennisgewing.

Herroeping van Statuut

- 66.** Die Statuut van die Universiteit Stellenbosch waarna verwys word in Goewermentkennisgewing Nr 972 van 2016, en gepubliseer in Staatskoerant Nr 40243 van 2 September 2016, word herroep vanaf die datum vermeld in die Staatskoerantkennisgewing waarna in klousule 69 verwys word, met die uitsondering van die bepalings van klousules 54 en 59 ten opsigte van verkiesings deur die Konvokasie, wat aanhou om met die nodige veranderinge te bestaan tot dit deur die toepaslike institusionele reëls vervang word.

Verskillende weergawes van Statuut

- 67.** In die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende weergawes van die Statuut geniet die Engelse weergawe voorkeur.

Woordomskrywings

68. In hierdie Statuut, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:

“aangestel”, met verwysing na ’n lid van ’n liggaam, aangestel in ooreenstemming met die prosedures van daardie liggaam;

“aangewys”, met verwysing na ’n lid van ’n liggaam, aangewys ingevolge die prosedures van daardie liggaam;

“Akademiesebelangeraad” ’n liggaam ingestel deur die SR om akademiese aangeleenthede namens studente te bevorder;

“dekaan” ’n ampsdraer waarna in klousule 46 verwys word;

“donateur” ’n persoon of instelling wat ingevolge klousule 52 erken word;

“Eregradekomitee” die komitee ingestel ingevolge die institusionele reëls om die Raad te adviseer oor die toekenning van eregrade;

“fakulteitsraad” die liggaam ingestel ingevolge klousule 22;

“Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“uitvoerende bedryfshoof” ’n ampsdraer waarna in klousule 44 verwys word;

“Institusionele Forum” die liggaam ingestel deur klousule 29;

“institusionele reëls” die reëls gemaak deur die Raad om aan hierdie Statuut ingevolge artikel 32(1)(b) van die Wet uitvoering te gee;

“kanselier” die ampsdraer waarna in klousule 36 verwys word;

“Konvokasie” die liggaam van persone waarna in klousule 47 verwys word;

“kwalifikasie” ’n formele kwalifikasie wat op die relevante sub-raamwerk vir hoër onderwys van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk soos beoog in artikel 7(b), saamgelees met artikel 13(1)(h) van die Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2009 (Wet Nr. 67 van 2009), geregistreer is, en sluit ’n graad, diploma of sertifikaat in;

“Minister” die lid van die nasionale uitvoerende gesag wat vir hoër onderwys en opleiding verantwoordelik is;

“personeel” die werknemers waarna in klousule 54 verwys word;

“Primkomitee” die komitee van hoofstudee van die onderskeie koshuise en in die privaatstudee-organisasie van die Universiteit;

“Raad” die liggaam ingestel deur klousule 6;

“reëls” die reëls wat deur die Raad of ’n ander bevoegde liggaam ingevolge hierdie Statuut gemaak is, en sluit die institusionele reëls in;

“registrateur” die ampsdraer waarna in klousule 45 verwys word;

“rektor” die ampsdraer waarna in klousule 40 verwys word;

“rektor se bestuurspan” die liggaam waarna in klousule 34 verwys word;

“Senaat” die liggaam ingestel deur klousule 16;

“SR” die Studenteraad ingestel deur klousule 26, en sluit ’n interim-Studenteraad in;

“Tygerberg SR” (waarna ook verwys word as die TSR) die studenteraad op die Tygerbergkampus;

“uitvoerende bedryfshoof” die ampsdraer waarna in klousule 44 verwys word;

“uitvoerende komitee van Raad” die komitee waarna in klousule 15 verwys word;

“uitvoerende komitee van Senaat” die komitee waarna in klousule 22 verwys word;

“Universiteit” die Universiteit Stellenbosch;

“Verenigingsraad” die liggaam ingestel deur die studentegrondwet waarna in klousule 26(2) verwys word om die belange van alle erkende studenteverenigings en hulle lede te verteenwoordig;

“verkies”, met verwysing na 'n lid van 'n liggaam, verkies deur 'n meerderheid van die lede van die relevante liggaam wat teenwoordig is en stem, tensy anders aangedui;

“viserektor” 'n ampsdraer waarna in klousule 43 verwys word.

“werknemer” 'n persoon waarna in klousule 54 verwys word; en

“Wet” die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet Nr 101 van 1997);

Inwerkingtreding

- 69.** Hierdie Statuut tree in werking op die datum vermeld in die toepaslike kennisgewing in die Staatskoerant wat deur die Minister kragtens artikel 33(1) van die Wet gepubliseer word.